Uitgawe 44
16 - 22 Nov 2025

Anker vir die week

N.G. GEMEENTE SASOLBURG - 4 ANKERS

RUGAM

Tel. nr 016 976 7500
Epos: ng4ankers@gmail.com
Webadres: http://www.ng4ankers.wordpress.com



Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring
Kol 1:28

Geloof aan die een kant en ’n ramp aan die ander

Hoe lyk jou verhouding met die Here? Hoe raak die huidige verwikkelinge in die NG Kerk jou geloof?

Toe ek klein was het ons in die noorde van Natal in die mooi dorpie Vryheid gebly. Ek het die mooiste herinneringe aan my kinderdae. Aan die oostekant van Vryheid is daar groot steenkoolvelde en was daar ’n myndorp met die naam Hlobane. Hier het vriende van my ouers gebly. Die oom was ’n ketelmaker en die tannie ’n huisvrou.

Voordat hy by die myn gewerk het was die oom ’n daggaroker en bendelid in Durban. Hy het al die *tattoos* gehad om dit te bewys en heelwat stories van hoe hy in die tronk was en wat hy alles aangevang het. Ek het altyd aan sy lippe gehang, maar soms het sy stories in ’n antiklimaks geëindig. *Hier is nou kinners by en ek gaan nie die res vertel nie.* Hy het kragdadig tot bekering gekom en was ’n entoesiastiese getuie van die liefde en almag van God. Hy het na ’n bendegeveg by die dood omgedraai en ’n verpleegster het vir hom tydens sy opname in die hospitaal gesê *Jy gaan dit nie maak nie. Net Jesus kan jou nou nog red.* Hy het oorleef en besef dat dit ’n wonderwerk van God was. Hy het hulp gesoek, tot bekering gekom en sy hele lewe het ’n 180 grade draai gemaak.

Die oom was ’n getuie van die krag van God. Die tannie was ... dom.

Of so het ek haar as kind opgesom. Ek weet nie veel van haar geskiedenis nie. Al wat ek vermoed is dat sy bes moontlik toe sy klein was te veel Charlie Chaplin en Laurel & Hardy flieks moes kyk. Jy kon nie saam met haar TV kyk nie, en TV kyk was in die laat 70’s ’n groot sosiale ding. Ons het oor en weer gekuier om TV te kyk. Ons sou Saterdae vinnig braai en eet en dan regmaak vir die aand se stories. Wat ’n ramp as sy by was. Sy sou in elke storie, hoe ernstig ook al die storie probeer vooruit sê, en elke keer was sy verkeerd, want alles was *slapstick.* As iemand sou gaan sit skree sy uit *Die stoel gaan breek!* Klim hy in ’n kar *Die wiele gaan afval!* Loop hy deur ’n deur *’n Emmer water gaan op hom val!* Elke keer ’n voorspelling van ’n ramp wat nooit gebeur nie. Jy kon dit nie hou nie!

Vir my is die oom en tannie byna ’n parodie van hoe dit met die NG Kerk gaan en baie van ons se verhouding met die Here.

Aan die een kant glo ons in ’n magtige God, Een wat mense se lewens herstel. Hy is in beheer en Hy sal ons nooit in die steek laat nie. Aan die ander kant is ons heeltyd aan die uitkyk van wanneer die stoel gaan breek, die wiele afval of ’n emmer water uit die lug ons gaan tref. Ons aanbid die Here Sondag met ons hele hart en verwag Maandag van die kerk die ergste.

Dit is ongelukkig so dat daar dominees en gemeentes is wat dinge doen wat ons grief. Dit is so dat die sinode soms lyk asof hulle niks daaraan doen nie en dalk selfs soms die dwalings ondersteun. Ek kan u egter verseker dat die leiers wie ek ken nie sulke mense is nie. Dat daar mense is wat glo soos ons en net die beste vir God se koninkryk en die NG Kerk se rol daarin wil sien.

Kom ons vertrou dus minder op mense, fokus op God alleen. As die hemele dán val is ons steeds in God se hand. Hy sal sorg. Maak jou band met Hom sterker en hou op kyk vir wanneer die volgende ramp tref.

Roelf Pienaar

28 November Kerrie & Rys Padkafee

Die jaar spoed ten einde, maar ons hou alreeds ’n oog op die nuwe jaar. Soos vanjaar gaan vakansiedae en langnaweke weer ons basaarnaweek, die eerste naweek in Mei, kelder. Ons gaan dus weer, D.V., ons basaar die laaste naweek van Mei hou. Ons is nog nie seker oor die formaat van die hele naweek nie, maar wil nou al ’n kunstenaar bespreek vir die Vrydagaand. Ons kan later die meriete daarvan bespreek om weer die basaar Vrydag, Saterdag en Sondag te hou. Vir eers is ons opgewonde daaroor dat ons vir 29 Mei die bekende sanger, Mathys Roets bespreek het. Om die kostes van die kaartjies so laag moontlik te hou, hou ons vooraf ’n aantal Kerrie & Rys verkope. Dagboek solank:
Kerrie & Rys Padkafee, 28 November.

Sopkombuis se laaste ete

By die Sentrum van Hoop gee ons op Woensdae en Vrydae vir mense in nood koffie en broodjies. Op hierdie dae voer ons informele gesprekke met mense en probeer saam met hulle aan planne dink om selfversorgend te kan wees. Donderdae kry almal by die Sentrum gekookte kos, koffie of koeldrank en ’n erediens. Op Donderdae fokus ons op die maatskaplike nood van mense en probeer geestelik, emosioneel of selfs materieël mense weer op die been kry.
Op Donderdag, 18 Desember, sluit die Sopkombuis vir die jaar. Ons open weer op 8 Januarie. Met die sluiting wil ons graag ietsie spesiaals doen en ’n soort Kersfeesviering hê. Indien jy dalk wil help, of ’n donasie wil gee om dit spesiaal te maak kan jy gerus met Louise Bester (076 122 3740) of met Altus Carstens (083 737 5485) skakel.

30 November - Kerssangdiens

Ons hou Kerssangdiens by die kerksentrum tydens die oggenddiens. Ons gaan saam sing, na voorlesings luister en weereens die koms van die Koning met vreugde vier.
Merk hierdie dae in jou dagboek en kom kuier hartlik saam met die gesin van Jesus.

Geen WhatsApp-diens

Neem asseblief daarvan kennis: Aangesien die oggenddiens van 30 November ons Kerssangdiens is, kan daar nie ’n opname op WhatsApp uitgestuur word nie.

Belangrike datums

18 November - Kerkraadsvergadering
27 November - Afsluiting van Ondersteuningsgroep van die Sentrum van Hoop
28 November - Kerrie & Rys Padkafee
29 November - Kerkraad se Spanbou en Braai
4 Desember - *aftree.4* se afsluiting en braai
5 Desember - Dankie-sê vir al die werkers by die Sentrum van Hoop
18 Desember - Laaste Sopkombuis vir die jaar en Kersete vir ons mense

Potjiekos-sukses!

Ons kon nou alles optel en aftrek en uiteindelik die finale syfers kry sonder om dit eers in ’n potjie te kook! Die ongekookte wins van die potjiekosdag is R11 000. Die dag was ’n reuse sukses en ons is steeds baie dankbaar vir die goeie gees wat geheers het, die lekker saamkuier en die Here se seën oor hierdie feesgeleentheid. Weereens dankie Chris Bester en Johan Smith wat saam met julle span hierdie potte gestook het!

Finale Basaarsyfers

Die kerkraad het in die verlede R180 000 begroot vir ons jaarlikse basaar. In ons huidige ekonomiese posisie het dit egter moeilik geword om so ’n groot bedrag in te samel met kontant donasies en die naweek se aktiwiteite. Ons het ons visier daarom laer gestel vir die basaar self en ’n bietjie hoër vir die aksies wat moes help om die R180 000 in te samel. Die basaar moes vanjaar R150 000 insamel om ons teiken te kon bereik. Deur die Here se genade en deur elke lidmaat se entoesiastiese samewerking kon ons die bedrag met meer as R10 000 oorskry. Dit het toe ’n kleiner teiken gelaat vir die Lentestap en die Potjiekosdag. Die R20 000 sou in elk geval ’n grootste poging verg. Beide aksies het egter vorige jare oortref en die Lentestap het ongeveer R6 500 ingesamel en die potte R11 000.
Alles bymekaar gereken kon ons dus vanjaar ons begrote bedrag van R180 000 bereik.
Baie dankie Here! Baie dankie aan elkeen wat ons hiermee gehelp het. Dat ons die begrote bedrag gehaal het is fantasties, dat ons op pad daarheen lekker kon saamwerk, is nog beter.

Huweliksherdenkings

Baie geluk aan Steve en Josina Steyn (wyk 74) met hul 55ste huweliksherdenking op 21 November.

Verjaardag

Onthou - Verjaardagplan
Skenk R1 vir elke lewensjaar op u verjaardag, uit dank vir die genade wat u van die Here ontvang het, die afgelope jare. Dit is nie verpligtend nie - u gee wat u kan.

	Wyk
16/11	
Retha de Beer	16
Annelize le Roux	30
17/11	
Rina Lombaard	23
Jan Bester	23
Basie Bezuidenhout	19
18/11	
Louise Heunis	2
Johan van Rooyen	72
19/11 - geen verjaardae nie	
20/11	
Nicolene Botha	10
Peet Coetzee	36
Magda le Roex	72
Megan Mong	12
De Wet van Wyk	27
21/11	
Shantell Pieters	31
22/11 - geen verjaardae nie	

Elektroniese adresse

Vier Ankers se Website/Blog:
http://www.ng4ankers.wordpress.com

WhatsApp-groep en sms'e: Stoor die nommer *066 010 3975* op u foon en *WhatsApp* u eie naam aan 066 010 3975.

Facebook: *NG Vier Ankers Sasolburg.*

Eredienste op *YouTube:*
NG Kerk 4 Ankers

SnapScan-kode
Vir jou gerief is hierdie QR Kode op kennisgewingborde aangebring

Sentrum van Hoop
https://www.sentrumvanhoop.org/

Teks vir November
1 Kor 3:6b ~ …maar dit is God wat laat groei het

Christus is vir altyd Koning

Week 5:16 - 22 Nov

Maak klaar wat jy begin het

Tydens die 400m vir mans se semifinale wedloop by die 1992 Olimpiese Spele het die gunsteling om daardie jaar die medalje te wen, Derek Redmond, sy dyspier by ongeveer die 200m merk getrek. Hy het eers op die baan neergesak en gehurk, maar daarna weer regop gekom en ge-hinkepink na die eindstreep. Na 'n paar meter het daar nog 'n figuur op die baan gehardloop, sy pa. Almal wou hom keer. Die beamptes en eerstehulpspanne wou ingryp, maar Derek wou hulle nie toelaat om hom te help nie. Hy wou die wedloop klaarmaak. Nie meer om te wen nie, dit was nou onmoontlik, maar, om klaar te maak. Sy pa het tot by hom gehardloop, sy arm om hom gesit en die res van die wedloop met hom voltooi. Jy kan gerus hierdie aangrypende video op *YouTube* gaan soek en daarna kyk.

Ten spyte van pyn en terugslae kan ons die wedloop van geloof voltooi. Ons is nooit alleen op die baan nie. God is nie net deur die Heilige Gees by ons nie, ons het nog verder vir mekaar. Ons kan mekaar ondersteun en bemoedig sodat ons almal die wedloop wat Christus in ons begin het enduit kan klaar maak.

Hoe oortuigend sal jy volhard?

In 2 Konings 13 lees ons van 'n koning wat pas gehoor het dat die Here hom die oorwinning oor sy vyande sal gee. Om hom te toets of hy entoesiasties oortuig is daarvan dat hierdie profesie van God af kom vra Elisa hom om 'n bondel pyle teen die grond te slaan. Joas neem die pyle en slaan die grond drie keer. Met teleurstelling reageer die profeet: *Jy moes die grond vyf of ses keer slaan.* Die pyle was 'n toets of die koning entoesiasties was. Of hy sou volhard en nie sommer sou tou opgooi nie.

Lees gerus die verhaal. Is dit nie dalk ons storie nie? Ons *is* kinders van die Here, ons doen wat ons gevra word om te doen, maar daar ontbreek *iets*. Ons het min entoesiasme vir die kerk. Min vir die Bybel. Ons geloof borrel nie meer nie. Bid dat die Here ons weer sal laat brand van liefde vir Hom en sy koninkryk.

Program vir die Week - D.V.

Sondag 16/11
09:00 Nagmaal by die kerk
Kollekte: Vennootskappe - NG Kerk Zambië

Dinsdag 18/11
15:00 OGJ Kleingroep
18:00 Kerkraadsvergadering

Woensdag 19/11
09:30 Biduur by OGJ: Dr Roelf Pienaar
10:15 Van Riebeecksentrum kleingroep
17:30 Gemeente Kleingroep

Donderdag 20/11
08:30 Biduur by Van Riebeeck Sentrum
09:00 Sopkombuis by *Sentrum van Hoop*
15:00 Biduur by Moredou: Dr Roelf Pienaar

Sondag 23/11
09:00 Erediens by die kerk
Kollekte: Bediening van Gevangenis

Kollekte: NG Kerk in Zambië

Nadat 'n inheemse kerk in Zambië deur die Sending van die NG Kerk in die Vrystaat gevestig is word die teologie skool in Zambië onder leiding van die Vrystaat se Raad van die Eenheid vir Vennote vir Getuienis bedryf. Leraars van die NG Kerk tree as dosente op en word deur hierdie fonds vergoed. Vandag se kollekte word vir hierdie vennootskap gebruik.

Kerkraadsvergadering

Die gemeente se kerkraad hou, D.V. Dinsdagaand om 18:00 sy kwartaallikse vergadering. Ons luister saam na wat ons glo God se plan, nie net vir die gemeente is nie, maar vir die gemeenskap waarvan ons deel is. Soos die formulier vir die bevestiging van kerkraadslede sê moet die gemeente vir hierdie broers en susters bid, omdat die werk wat hulle doen eintlik die werk van die hele gemeente is. Bid vir wysheid, insig en 'n fyn hoor van die Gees van die Here. Bid veral vir gehoorsaamheid aan ons roeping. Die kerkraad wat Dinsdag bymekaar kom **word nét bygewoon deur kommissie- en askievoorsitters** en **skakelleiers**.

Oktobermaand se Spesiale Dankoffer

Die kerkraad het vir die Oktobermaand se Spesiale Dankoffer R10 000 begroot. Daar het egter nog net R1 700 hiervan ingekom. Lidmate word aangemoedig om van die koevertjies in die portaal gebruik te maak en indien hulle kan, hierdie aksie te ondersteun.

Gebedslys

*Petrus Kok (wyk 1);
*Dot Bruwer (wyk 44);
*Sonja van Bergen (wyk 2);
*Susan Chamberlain (wyk 31) se broer, George
*Lennert Lauwrens (wyk 30);
*Mossie Mostert (wyk 12);
*Sophia Rabie (wyk 23) se swaer, Michael Crous;
*Susan Chamberlain (wyk 31);
*Gideon Pretorius (wyk 45);
*Marisa Deetlefs (wyk 17);
*Ronéll van Zyl (wyk 3);
*Tina Swart (wyk 39);
*Maria Rautenbach (wyk 44) se swaer;
*Alta van Dyk (wyk 41);
*Rensia Fourie (wyk 45) se suster, Ancara;
*Rina Lombaard (wyk 23);
*Trudie du Toit (wyk 10);
*Nelie van Dulleman (wyk 45);
*Norman & Annatjie McLean (wyk 18) se seun, Ferdi;
*Nelie Boshoff (voorheen van 4 Ankers);
*Alida Smit (wyk 44);
*Anna Olivier (wyk 45);
*Liz Nieuwoudt (voorheen van 4 Ankers)

Met innige simpatie aan

*Fanie en Alta Jacobs (wyk 45) met die afsterwe van hul swaer;
*Jan en Babs Myburgh (wyk 15) met die afsterwe van hul swaer.

Kerkraadafsluiting en braai

Op Saterdag 29 November hou die kerkraad sy jaarlikse afsluiting en braai. Dit is vir ons baie belangrik dat soveel as moontlik kerkraadslede en hul eggenote die geleentheid sal bywoon. Daar gaan nie hard gewerk word nie, maar ons wil graag 'n bietjie terugkyk oor die jaar wat verby is en kyk waar ons dalk geleenthede wat daar was misgekyk of misgeloop het. Ons wil vorentoe kyk en saam droom oor hoe die ideale gemeente lyk en waarmee ons besig moet wees om uit te kom by die ideale wat die Here vir sy gemeente het. Hoe beter ons mekaar buite die erediens en vergaderings leer ken, hoe lekkerder kan ons saam werk en hoe meer gefokus kan ons vir mekaar bid. Laat weet asseblief vir George Woodley as jy dit kan bywoon. Doen jou bes om daar te wees!

Soli Deo Gloria